

Maak Jou Eie Papier.



Behalwe die baie ander antieke kunste wat hulle bedryf, maak die Japannese reeds eeue lank al pragtige papier. Ons onthou ook seker almal dat ons op skool geleer het van die ou Egiptiese papier wat van papirus gemaak is.

Deesdae kry 'n mens handgemaakte papier met wonderlike teksture in spesialiteitswinkels te koop en in kunsgalerye te sien.


Handgemaakte papier kan net so geraam word, of dit kan gebruik word vir aantreklike kaartjies, om op te skilder of vir kalligrafie.

'n Mens hoef nie kunssinnig te wees om papier te kan maak nie.

JY BENODIG

Papier wat vir hergebruik bedoel is en wat in klein vierkantjies; ongeveer 2 cm x 2 cm, geskeur is. (ou kantoor-papier, rekenaar-drukstukke, skryfpapier, ou boeke wat op goeie papier gedruk is of ou kunspapier. Koerantpapier is van 'n lae gehalte en die glanspapier van tyd-skrifte is met 'n spesiale lagie bedek wat voorkom dat dit deeglik desintegreer.)

- Elektriese versapper
- Twee houtrame, aanwysings hieronder
- Stuk gordynnet, groter as een raam
- 'n Groot reghoekige 'of vierkantige' plastiekskottel waarin die raam pas
- Twee houtplanke van redelike gehalte - groter as die rame
- Gelatien, stysel of "Scotchguard" sproei
- Stukkies vilt - dieselfde grootte as die rame
- Ou handdoek
- Stapel skoon koerante
- Swaar voorwerpe soos, stene, vir gewigte
- Strykyster



Jy maak so:

Raam

Om 'n stuk papier van A4-grootte te maak, het jy genoeg lengtes hout van 2 cm² nodig om agt lengtes van 34cm en vier lengtes van 21cm te saag. Die lengtes kan volgens eie behoefte en die

grootte van die skottel aangepas word.

Lê twee lang en twee kort stukke in 'n reghoek neer, met die kort stukke tussen die lang stukke. Heg die hoeke aan mekaar vas met L-vormige plaatjies en skroewe of jou eie ander manier. Maak 'n tweede raam net so. Gebruik krammetjies of drukspykers en span die gordynnet oor een van die rame. Druk die drukspykers aan die sye van die rame vas. Plaas eers 'n druk-spyker aan die een kant teenoor die middel van die net en dan aan die teenoorgestelde kant terwyl jy die net redelik styf trek. Doen dieselfde aan die ander twee kante. Werk van die middel na die hoeke toe. Eindig netjies af by elke hoek en sny oortollige net af. Dit is die VORM vir jou papier. Die ander raam word die RAND genoem en hou uiteindelik die papierpap op die vorm.

Papierpap

Om papierpap te maak, plaas 'n handvol geskeurde papier in die versapper en maak driekwart vol water. Rekenaar papier is besonder geskik vir hergebruik omdat dit min suur bevat en die eienskap bevorder duursaamheid.

Versap die papier totdat dit 'n romerige vloeistof is. (Hierdie proses kan bespoedig word deur die stukkies papier eers 'n paar uur lank in water te laat week.) Om te voorkom dat ink of verf op die stuk papier "bloei", kan gelatien of stysel bygevoeg word. Gebruik 'n desertlepel gelatien vir elke liter water wat bygevoeg gaan word. Die pap moet egter tot feitlik kookpunt verhit word voordat die gelatien, wat in koue water opgelos is, bygevoeg word. Dis makliker om stysel te gebruik. Voeg een teelepel per liter pap by, nadat die stysel volgens die aanwysings op die pakkie opgelos is. 'n Nog makliker manier is om "Scotchguard" oor die voltooide papier te spuit.

As jy die papier wil kleur, kan voedselkleursel of akrielverf bygevoeg word of jy kan verskillende lae gekleurde sneespapier vir interessante effekte gebruik. Plaas die pap in die skottel, wat dan ten minste halfpad vol moet wees.

Nou word die papier gevorm

Plaas die rand bo-op die vorm. Roer die pap sodat die vesels eweredig kan versprei. Hou die vorm en die rand bo-op mekaar vas en laat dit in die pampensel sak. Trek dit na jou toe en lig horisontaal op. Hou gelyk en laat die oortollige water in die skottel drup. Skud liggies sodat die vesels hulle eweredig op die net kan vestig. Haal nou die rand versigtig af. Maak die handdoek nat en plaas dit oor een van die planke. Maak stukkies vilt, ongeveer 36 x 22 cm, nat, een vir elke stuk papier en een om bo-op die stapel te plaas. Plaas 'n stuk vilt op die handdoek. Laat 'n lang sy van die vorm op die rand van die vilt rus en draai dit om totdat die pap teenoor die vilt is. Lig versigtig op. Die vel pap behoort nou op die nat vilt te lê. Bedek met nog 'n stuk nat vilt en herhaal die proses om 'n stapel velle te maak. Hierdie proses word "couching" genoem. Bedek die stapel met die ander plank. Neem dit na buite en kniel daarop om oortollige water uit te druk. Plaas dan swaar voorwerpe daarop. Dit sal 'n paar dae duur voordat die papier droog is, afhangende van die weer. As jy skryfpapier wil hê, moet jy die papier uithaal terwyl dit nog klam is en onder 'n lap stryk. As jy papier met sterker tekstuur wil hê, gebruik dan going in plaas van vilt. Sulke papier is uitstekend vir kuns. Gebruik die vorm alleen vir dunner papier met 'n sagter rand. Stapel die pap eenvoudig in die raam op die vilt vir iets buitengewoon.

